

Pretoria Brief 2010.02 [Februarie]

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Verskoon maar as die volgende paar briewe effe afgeskeep is. Die groot trek het begin. Ek is besig om na 'n aftree-oord te verhuis met meer as 150 miniatuur teestelletjies, ongeveer 1000 reukwaterbotteltjies, 'n groot versameling SA Seëls plus al my boeke, foto's, poskaarte en koerante van ou Pretoria.

Terugvoering op verlede maand se brief

Die volgende van Anton Jansen

Baie dankie vir die interessante Januarie-geselsbrief, weereens propvol met interessante nuusbrokkies.

Pretoriase Kapper Salon

Drie sjielings vir 'n warm bad (De Volksstem [1888-10-25]?! Lyk vir my verskriklik duur, wat sou 'n maandsalaris in daardie dae gewees het?

St. Albanskatedraal

Ter nagedagtenis aan prins Christiaan Victor, kleinseun van koningin Victoria, wat op 29 Oktober 1900 aan maagkoors in Pretoria oorlede is is in die katedraal 'n altaarkruis opgerig. "To the deathless memory of Christian Victor Prince of Schleswig Holstein and of all those who like him laid down their lives for South Africa 1899 - 1902" lui die inskripsie. Behalwe Prinsepark en Prinseparklaan (heelwat mense spreek dit verkeerdelik uit as Prinsepark en Prinseplaan) wat na hom vernoem is, weet iemand of daar nog plekname na hom vernoem is?

Groete, Anton

Dagsê Anton,

Ek het nie 'n idee wat die salaris in daardie tyd was nie. In 1898 het pres. Kruger 7,000 pond verdien + 'n toelaag van 300 pond vir huishuur. 'n Klerk in die staatsdiens het tussen 200 en 650 pond verdien en die ander mense by die staasgeboue as volg: skoonmaker 250 pond, nagwag 225 pond, skoonmaker van latrines 120 - 175 pond en 'n portier 100 - 130 pond. Dit is alles per jaar.

Ek weet nie van nog plekke wat na hom vernoem is nie maar daar was 'n Prins Christiaan Tehuis. Ek dink ek het iewers 'n foto van die plek, is nie seker nie.

Groete, Rosa

Dankie Rosa.

Ek dink jy verwys na Princess Christian Old Age Home. Toe die moeder van oorlede prins Christian in 1904 die graf van haar seun besoek het (in Kerkstraat Begraafplaas) het sy die hoeksteen van die tehuis in Kerkstraat-Wes – oorkant Prinsepark – gelê en is dit na haar vernoem. Die park is na haar seun vernoem, nogal verwarrend want altwee het dieselfde voorname. Die Stadsraad het jare later die terrein onteien en is dit as motortoetsentrum gebruik. Meeste van die geboue is later gesloop toe die sentrum verhuis het na die Tremloods. Tans is die toetsentrum in Waltloo en die Princess Christian ouetehuis is op die hoek van Koningin Wilhelminarylaan [in Middelstraat].

In die park oorkant het sy 'n akkerboompie geplant afkomstig uit haar moeder se tuin in Engeland. Die boom is dood maar die omheining het ons 'n paar jaar gelede gerestoureer.

Groete, Anton Jansen

Navraag van Wim Wulfse

Ek wonder of jy dalk oor inligting van ou straatname in Pretoria beskik. Ek wil graag weet waar was Plantage Prinsen-laan gewees, as daar so iets bestaan het.

Baie dankie vir jou volgehoue werk aan die nuusbrieff. Dit gee mens elke maand iets om na uit te sien.

Groete, Willem Wulfse.

Die volgende van Peter Wood

In Paul Krugerhuismuseum wys 'n video oor-en-oor, 'n paar snitte van president Kruger met sy aankoms in Europa in 1900, plus 'n kort stuk wat wys hoe hy in sy Staatskoets klim in Pretoria (beeld vasgeheg). Die paar sekondes verfilm in Kerkstraat, Pretoria, is die oudste oorblywende film wat ooit in Suid-Afrika geneem was.

Die legende vertel dat die film van President Kruger in Pretoria geneem was deur 'n sekere Edgar Hyman, maar 'n ander storie vertel dat die kameraman eintlik 'n sekere Joe Rosenthal was.

Die feite is egter dat Edgar Hyman die "Acting" bestuurder van die "Empire Palace of Varieties" in Johannesburg was, toe die eerste filmvertoning ooit in Suid-Afrika gehou was, in 1896. Carl Heinz het 'n projektor in Londen gekry en na Suid-Afrika gebring, en sover bekend, was die vertoning by die "Empire" daardie aand die eerste keer dat 'n projektor ooit gebruik was om 'n filmvertoning plaaslik te gee.

(Let wel hierdie was nie die eerste keer dat 'n rolprent hier vertoon was nie – in 1895 was 'n paar rolprente by Henwoods Arcade in Johannesburg vertoon – maar hierdie kort films was nie gewys met 'n projektor nie. Die films wat in 1895 gewys was, was gelaai op 'n "Kinetoscope" masjien; met hierdie masjien moes mens geld in 'n gleuf sit; daarna kon jy deur 'n gaatjie loer, en 'n kort rolprent sien.)

Die 1896 vertoning by die "Empire" was glo die eerste keer dat 'n projektor plaaslik gebruik was.

Volgens rolprenthistorikus Thelma Gutsche was Edgar Hyman – bestuurder van die "Empire" – so beïndruk met die films wat Carl Heinz vertoon het, dat hy 'n rolprentkamera van oorsee laat bestel het. Gutsche sê dat Hyman toe kort films in Johannesburg gemaak het deur sy kamera voor in 'n trem te plaas en rolprente te skiet van sekere Johannesburgse strate.

Kameras destyds kon slegs 100 voet film vat, wat net genoeg was vir 'n paar sekondes se rolprent. Mense het nog nie geweet hoe om stukke rolprent

aanmekaar te sit om 'n "storie" te maak nie. Die eerste rolprente wat Hyman en ander pioniers geskiet het was dus almal kort. Sover bekend het geen van hierdie eerste rolprente wat Hyman in Johannesburg geskiet het bewaar gebly nie. Wat wel bewaar was, was die kort stuk film wat wys hoe president Kruger in sy koets klim. Volgens Gutsche het Hyman hierdie kort film in 1898 gemaak.

Die film was glo vir president Kruger gewys, wat glo beïndruk was daarmee.

Hyman het sy films vir die "Warwick Trading Company" in Londen gestuur – Warwick was een van die eerste maatskappye wat rolprente vervaardig en versprei het. Die rolprent wat wys hoe President Kruger in sy koets klim was in Warwick se katalogus gelys, maar die katalogus noem nie wie die film gemaak het nie; sommige mense vertel Edgar Hyman was die kameraman, maar ander dink die film was geskiet deur Joe Rosenthal.

Wat wel bekend is, is dat beide Edgar Hyman en Joe Rosenthal vir Warwick Trading as oorlogskorrespondente gewerk het toe die 1899 – 1902 oorlog uitbreek het. (*) 'n Paar snitte film wat hulle tydens die oorlog geneem het bestaan nog steeds, maar baie snitte wat hulle geskiet het, het verdwyn oor die jare. (Aangeheg is 'n foto van Edgar Hyman met sy rolprentkamera, toe hy as oorlogskorrespondent gewerk het.) Na die oorlog het Edgar Hyman sy verbintenis met die rolprentbedryf behou. In ongeveer 1910 het hy 'n paar bioskope oopgemaak aan die Rand, almal met die naam "Empire". Daar was bv. 'n "Empire" in Boksburg-Noord sowel as een in Boksburg self. In 1913 was Hyman se Empire-teaters oorgeneem deur Isidore Schlesinger.

(* Daar was terloops ook ander oorlogskorrespondente wat films gemaak het tydens die oorlog van 1899-1902, onder andere ene William Kennedy Laurie Dickson, wat vir die maatskappy "Biograph" gewerk het. Dickson was eintlik die persoon wat die eerste rolprentkamera ontwerp het, asook die 35mm filmformaat – hierdie was toe Dickson vir Thomas Edison gewerk het in New Jersey in 1889–1895. Dickson het later 'n boek geskryf oor sy rolprentfilmmaak in Suid-Afrika, "The Biograph at War". Ek het so pas 'n afskrif van sy boek op die internet gevind – baie interessant.)

Rosa – weet jy van enige inligting – of in ou Pretoria koerante, of in ander bronne – wat enige lig kan skep op die filmsnit van President Kruger? As die nit vir President Kruger gewys was, sou daar sekerlik iets in een van die koerante verkyn het – of in De Volksstem, of in De Pers / The Press, of miskien selfs in die Pretoria News (as die rolprent in 1898 geneem was – die Pretoria News het mos in 1898 begin.)

Was daar enige advertensies of stories in ou Pretoria koerante ivm films of filmvertonings - of advertensies vir plekke in Pretoria waar films gewys was??

Beste wense – Peter Wood



Snit uit die rolprent van President Kruger



Edgar Hyman

Die volgende van Wim Wulfse

Die Berlynse Sendinggenootskap het oorspronklik bedrywighede begin op vier standplase wat aangekoop was in Visagie- en Andriesstrate. Daar is 'n kerk en pastorie opgerig. Teen 1867 was die perseel te klein en 19.7 hektaar plaasgrond is toe deur die dorpsraad aan die Genootskap toegeken. Hierdie was 'n gedeelte van die plaas Daspoort en het bekend gestaan as Frischgewaagd. Die Transvaalse regering was nie bereid om grond binne die dorp te skenk nie en die eiendom is toe in 1870 deur die Genootskap aangekoop. Die grense was die Apiesrivier in die noorde, Belle Ombre in die ooste, Boomstraat in die suide en die Steenovenspruit in die weste. Aan die oostekant van Belle Ombre was Sans Souci en aangrensend was Rust in Urbe wat later die Dieretuin geword het. Die 4 dorpsere is in 1870 verkoop.

Weens die klem wat die Berlynse Sendinggenootskap op onderwys geplaas het is 'n skool in 1876 gebou, en daarna het die perseel bekend geword as Schoolplaats.

Die grond is in 96 standplase verdeel wat in grootte gewissel het van 200 tot 900 m². Dié erwe was geleë langs vier strate wat van noord na suid geloop het. Dit was geskat dat ± 100 swart families gehuisves sou kon word en dat elk sy eie huis en tuin sou hê. Huur sou een maal per jaar aan die Berlynse Sendinggenootskap betaal word. Water vir oeste en tuine sou uit die Apiesrivier en ongeveer 62 putte op die perseel bekom word.

Teen 1884 was daar reeds 70 families woonagtig op Schoolplaats. Meeste van die mans en vrouens het in Pretoria gewerk. Baie families het goeie lewensomstandighede geniet en die gebied het daarom, en ook weens die netjiese voorkoms daarvan, 'n reputasie gekry dat dit 'n model dorpsgebied was. Die streng reëls van die Genootskap en die gepaardgaande bestuurstyl het ook tot die algemene sukses daarvan bygedra.

Gedurende die Britse besetting van Pretoria het tifus gereeld in die gebied uitgebreek. Daarom is al die putte in Schoolplaats en nabygeleë Marabastad opgevol. Water sou voorsien word deur 'n stelsel van pype en krane. Schoolplaats het egter net een kraan gekry. Hierdie toedrag van sake het struwelinge tussen die inwoners en die owerhede veroorsaak omdat 100 families nie met slegs een waterbron kon klaarkom nie. In 1904/05 het inwoners geweier om die waterrekening te betaal en die Genootskap was verantwoordelik gehou vir die uitstaande bedrag.

Teen 1906 was die bevolking van Schoolplaats 708 en was daar 'n nuwe bedreiging vir die voortbestaan van die woongebied. Die dorpsraad het besluit dat alle swart inwoners uit wit gebiede verwyder moes word en dat hulle in Marabastad hervestig sou word. Inwoners het hulle munisipale rekenings begin betaal maar die toekomst van die dorpsgebied het onseker gebly. Dié toedrag van sake het 'n negatiewe uitwerking op sendingwerk en verdere ontwikkeling gehad. Die dorpsraad het in 1911 die versekering gegee dat Schoolplaats nie geraak sou word deur verwyderings en hervestigings nie. As gevolg hiervan het die Berlynse Sendinggenootskap onmiddellik met verbeterings en nuwe bouprojekte begin.

In Julie 1913 het die munisipaliteit besluit dat alle planne vir nuwe geboue deur hulle goedgekeur moes word. Hierdie vereiste sou ekstra onkoste tot gevolg hê en het die inwoners genoop om 'n versoekskrif aan die Departement van Naturellesake te rig vir kwytskelding van die indien van planne en die betaling van eindoms- en algemene belasting. Die Departement het die versoek ondersteun en die inwoners het hulle saak gewen. Ongelukkig was daar nog 'n bedreiging. Die Naturelle Grond Wet sou 'n negatiewe uitwerking op die gebied hê. Die Berlynse Sendinggenootskap het die Regering vir kwytskelding van die Wet gevra en weereens 'n positiewe reaksie ontvang. Die rede hiervoor was dat Schoolplaats naby die Pretoria munisipale gebied geleë was en ook dat die Berlynse Sendinggenootskap die gebied doeltreffend bestuur het.

Die Berlynse Sendinggenootskap het 'n afname in sendingwerk gedurende die Eerste Wêreldoorlog ondervind en dit het 'n negatiewe uitwerking op Schoolplaats se bedrywighede gehad. Oorbevolking het 'n probleem geword. Blanke woongebiede was naby die gebied en dit het ernstige gesondheidsrisikos gedra. Schoolplaats is in 1926 deur die Pretoria Stadsraad aangekoop vir £1,000. Die rede hiervoor was dat die Raad die grond nodig gehad het. Schoolplaats sou tot niet gaan en in November 1934 is 'n spertyd aan die gemeenskap gegee dat die woongebied teen die einde van daardie jaar ontruim moes wees. Meeste mense is in Nuwe Marabastad hervestig hoewel die wat vergoeding vir hulle eiendom gekry het verkies het om na Eersterust of Lady Selborne te trek.

Die geboue in Schoolplaats is mettertyd gesloop en in 1953 is die kerk afgebreek om plek te maak vir 'n nuwe busdepot en werksinkels wat deur die Stadsraad gebou sou word.

Die totale tragedie van die hele storie kan eers waargeneem word tydens 'n besoek aan die gebied. Op Sans Souci, Belle Ombre en veral Schoolplaats het daar weinig gebeur behalwe die stasie, spoorlyn en die busdepot en werksinkels.

Aangeheg is 'n foto van die Schoolplaats skildery wat Alec Wapnick by ons gekoop het. Die uitsig is van suid na noord, want die Daspoort rant kan net deur die bome gesien word. Al die strate in die gebied was in dié rigting uitgelê. As dit 'n noord-suid uitsig was sou daar nie 'n rant sigbaar gewees het nie. My oupa was met Frans Oerder bevriend en het die skildery by hom gekoop.



Groete tot volgende maand. Rosa Swanepoel